

Jy benodig: 'n Maatkoppie (250ml); minstens vyf bekers; 'n teelepel; skoon water; minstens 5 verskillende vastestowwe soos: suiker, sout, meel, sand, fyn mieliemeel.

Maak voorspellings/hipotese:

1. **Kyk na al die vastestowwe. Watter stowwe dink jy is oplosbaar in water? Skryf 'n voorspelling/hipotese vir die ondersoek neer.**
2. **Beplan en voer jou ondersoek uit:**
 - a) Gebruik jou maatsilinder en meet 250ml water vir elke beker af.
 - b) Gooi een teelepel vastestof in elke beker met water.
 - c) Roer die water en kyk wat gebeur.
 - d) Hoekom is dit belangrik om elke keer dieselfde hoeveelheid water en vastestof te gebruik?
3. **Teken jou resultate aan:**
 - a) Teken elke mengsel.
 - b) Gee byskrifte vir al die vastestowwe wat op die bodem afsak.
 - c) Teken 20 partikels water en 5 partikels vastestof wat daarin oplos.
 - d) Stel 'n tabel op om aan te dui watter stowwe oplosbaar en watter onoplosbaar is.
4. **Maak jou gevolgtrekkings:**
 - a) Vergelyk die oplosbare stowwe met die onoplosbare stowwe.
5. **Evalueer jou ondersoek:**
 - a) Was jou hipotese reg of verkeerd?
 - b) Is daar iets wat jy kan doen om beter resultate te kry?
 - c) Gee 'n rede vir jou antwoord.